Toetrede

Liturgie van die Lig

Woorddiens

Lesing 1: Markus 9:2-9 (1953)

2 EN ná ses dae het Jesus vir Petrus en Jakobus en
Johannes saamgeneem en hulle alleen op 'n hoë
berg in die eensaamheid geneem; en Hy het voor
hulle van gedaante verander,
3 en sy klere het blink geword, baie wit soos sneeu,
wit soos geen bleiker op aarde dit kan maak nie.
4 En daar het aan hulle verskyn Elía saam met
Moses, en hulle was in gesprek met Jesus.
5 Toe spreek Petrus en sê vir Jesus: Rabbi, dit is
goed dat ons hier is. Laat ons dan drie hutte maak:
vir U een en vir Moses een en vir Elía een.
6 Want hy het nie geweet wat om te sê nie, want
hulle was heeltemal verskrik.
7 En daar kom 'n wolk wat hulle oordek; en uit die
wolk kom 'n stem wat sê: Dit is my geliefde Seun,
luister na Hom!
8 En meteens kyk hulle rond en sien niemand meer
by hulle nie, behalwe Jesus alleen.
9 En onderwyl hulle van die berg afklim, gee Hy aan
hulle bevel om aan niemand te vertel wat hulle
gesien het voordat die Seun van die mens uit die
dode opgestaan het nie.

Broodjies vir die Pad

"If the doors of perception were cleansed everything would appear to man [sic.] as it is, infinite. For man [sic.] has closed himself up, till he [sic.] sees all things through narrow chinks of his [sic.] cavern." So says William Blake in his Marriage of Heaven and Hell. Today's readings push the limits of our imaginations and sense of possibility. These words open us to a multivalent reality as they join theophany and epiphany! Are they the poetics of ancient world view, whose testimony is untrustworthy to postmodern people? Or do they represent deeper dimensions of reality? Do they point to the presence of "thin places," places of transformation and resurrection that emerge in both extraordinary and ordinary moments? (PaF)

Today's readings invite a dialogue on the mystical element in Christianity. They challenge congregations to take spirituality seriously and to awaken to surprising moments of grace and transfiguration. I recall a conversation with the lay leadership team of a large progressive congregation. They were doing all the right things: they welcomed people of every sexual orientation, they were active in the community, and took seriously their global responsibility. But, they couldn't find a way to join activism and contemplation. Their predicament is characteristic of much progressive and mainline congregational life. (PaF)

What Faith Is Not...

Faith is not about understanding the ways of God. It is not about maneuvering God into a position of human subjugation, making a God who is a benign deity who exists to see life as we do. Faith, in fact, is not about understanding at all. It is about awe in the face of the God of all. And it is awe that inspires an alleluia to the human soul.

Faith is about reverencing precisely what we do not understand—the mystery of the Life Force that generates life for us all. It is about grounding ourselves in a universe so intelligent, so logical, so clearly loving that only a God in love with life could possibly account for it completely.

When we center our power outside ourselves, which is of the essence of faith, we have faith in something greater than our smallness. We take our very lack of control as a sign of God's presence in the world. It is precisely because of our smallness that we can come to see and trust the greatness of God that surrounds us. It is only then that we can really come to see the face of God in the face of the other.

Faith in what we cannot control, do not see, cannot understand destroys the idol that is ourselves. It is only the deep-down belief that we are not the be-all and end-all of the universe that can save us from ourselves. It is the awareness of being part of something vast and intelligent and well-intentioned that gives purpose to life, that leads us to seek beyond the horizons of our smallness to the hope that tomorrow, warped as we may be today, we can all be better.

Faith in God is the only ground we have for faith in ourselves, in humanity, in life. Then we may care enough about others, about the purpose of God for all human life, to go beyond the kind of religion that turns God into a local deity and life into a zero-sum game in which winner takes all and losers abound.

Excerpt from ***Uncommon Gratitude*** *by Joan Chittister*

Brood vir die Pad

Fanie

Deur Dana Snyman

Want Fanie is mos nou'n ateïs...

Fanie is mos nou 'n ateïs. Of op sy Facebookblad noem hy homself 'n evolusionis. Hy glo aan Charles Darwin. Hy glo dat alles in die heelal, soos Darwin dit beskryf het, die gevolg is van evolusie en natuurlike seleksie.

Hy het twee van Darwin se boeke op sy boekrak, maar hy het nog nie een van die twee deurgelees nie. Hy het wel al twee of drie van Richard Dawkins se boeke gelees.

Dawkins is omtrent die enigste skrywer na wie Fanie verwys wanneer hy oor sy ateïsme begin praat. (Soms sal hy ook Christopher Hitchens noem.)

Fanie glo Dawkins, só wil dit lyk, nes hy eens op 'n tyd sy Sondagskool-onderwyser geglo het. Want Fanie het in die NG Kerk grootgeword. Sy pa was jare lank 'n ouderling, en sy ma was 'n troue lid van die ACVV.

Fanie sê die Kerk het ons van kleins af mislei, en hy is kwaad daaroor. Fanie sê nie hy is kwaad vir die Kerk nie, maar wanneer hy oor godsdiens begin praat, klink dit of hy kwaad is vir die Kerk.

Hoe kan mense steeds glo alles wat in die Bybel staan, is letterlik waar? vra hy graag wanneer hy iewers in 'n koffiekroeg saam met vriende kuier. Hoe kon 'n slang regtig met Eva in die paradys gesels het? Hoe kon Noag al die diere in die ark gekry het? En Jesus se maagdelike geboorte? Belaglik!

Fanie glo nie aan die maagdelike geboorte nie, maar hy aanvaar wel die Aarde het uit niks ontstaan nie.

Fanie verwys graag na die wreedhede wat al in die naam van die Christendom en godsdiens gepleeg is, maar dit is asof hy sukkel om voorbeelde van sulke wreedhede in die moderne tyd te kry om op te noem. Partykeer praat hy vaagweg oor Hitler en Stalin wat ook glo godsdienstig was, voordat hy terugkeer na die punt wat hy oor en oor maak: Hy kan net glo aan dít wat wetenskaplik bewys kan word.

Dit is moeilik om met Fanie oor godsdiens te gesels vandat hy 'n ateïs is, want dit is asof hy nie met jóú wat daar voor hom sit, praat nie. Dis asof hy jou nie werklik raaksien nie. Dit is asof hy iemand anders as jy daar voor hom sien sit, en daardie persoon is Die Christen. Hy laat jou voel asof dit jy persoonlik is wat Galileo in die 17de eeu bespot het toe hy gesê het die aarde is nie die middelpunt van die heelal nie. Dit is ook jy, Die Christen, wat mites in die kop van kinders op skool wil indwing. Dis ook jy wat glo 'n pastoor met 'n pienk das kan 'n tante in 'n opwekkingsdiens in 'n tent op Stilfontein van kanker genees.

Dit is asof alle Christene vir Fanie fundamentaliste is.

Jy kan hom probeer vertel dat jy as 'n Christen ook nie meer glo alles in die Bybel is letterlik waar nie, maar dit beteken nie vir jou dat God nie bestaan nie. Jy kan aan Fanie probeer sê daar is iets heiligs in twyfel, maar hy stel nie regtig daarin belang nie.

Hy is mos nou 'n ateïs.

Fanie die ateïs en die trane van sy moeder

Sy ma weet hy is nou 'n ateïs, sê Fanie. Hy het dit vir haar gesê.

Hy het die oggend by haar in die ouetehuis gaan kuier en toe sit sy weer daar in haar stoel voor die venster, met haar breiwerk en haar blokraaisel en haar Bybel.

Ek ken tannie Kittie, sy ma. Sy en my oorlede ma was beste vriendinne. Saam met hulle die wêreld se pyn probeer wegbak en -brei. Hulle het tot die ACVV behoort. Hulle het in die kerkkoor gesing en Santa-seëls verkoop ten behoewe van teringlyers. Hulle het op kerkbasaars gewoel, en op 'n Saterdagoggend op die sypaadjie voor Spar by 'n môremarktafel pannekoek gebak om geld in te samel vir die Bettie Greeff Tehuis vir Ongehude Moeders.

Hulle het muntstukke in houtbussies gekollekteer vir sendingwerk in Malawi, in Japan en in Zoeloeland. Hulle het komberse en blikkieskos ingesamel vir vloedslagoffers. Hulle het vir die padkampkinders koekies gebak en net voor Kersfees geskenke vir die kinders in die kinderhuis gaan gee. En hulle kon bid, o, hulle kon bid: O, Heer, U is die pottebakker en ek is die klei, maak my en vorm my na U wil.

Hul kinders – ek en Fanie en die ander – was voorop in hul gebede en gedagtes en dade. Hulle het eerder daardie paar spykerskoene vir atletiek gekoop as die nuwe kerkrok. In 'n blikkie in 'n laai het hulle spaargeld gebêre wat later moes help betaal vir 'n skooltoer of 'n universiteitshandboek.

Hulle het ook gebid vir die straatveërs, die polisiemanne, die dokters en die president. Hulle het gebid vir die ellendige, siek kind in die onderdorp. Drie dae lank het hulle vir die kind gebid en glase vol mengsels van boegoe en Lennons se medisyne aangedra. Op die vierde dag breek daardie kind se koors. 'n Week later speel die kind weer saam met sy maatjies in die son.

Ook vir die kankerkrom oom in die siersteenhuis op die hoek het hulle gebid. Daagliks het hulle hom in hul gebede aan die Here opgedra. Toe sterf die oom een middag agter 'n toegetrekte Venesiese blinding in daardie huis. En toe bid hulle vir die weduwee en dié wat agtergebly het, en hulle begin maak frikkadelletjies en reënboogbroodjies vir die begrafnis.

Dit is gedoen omdat hulle hul lewe volgens die Bybel probeer rig het: Bid sonder ophou. Hê jou naaste lief soos jouself. In die sweet van jou aangesig sal jy jou brood verdien. Nou ken jy slegs ten dele, eendag sal jy ten volle ken.

Hy weet nie of sy ma nog tot die ACVV behoort nie, sê Fanie. Hy vermoed so. Sy gaan wel nog elke Sondag kerk toe, weet hy. Sy lees ook steeds Bybel en onderstreep teksverse. Dit lê pal daar op die tafeltjie langs haar stoel.

Siestog, sê Fanie. Eintlik kry hy die ou vrou jammer. Sy weet nie die Bybel is 'n klomp leuens en versinsels nie.

Hy het dit vir haar probeer verduidelik, sê hy, maar hy het later maar opgehou, want hy kan dit nie vat as iemand oor niks huil nie.

Wegsending

Liefdegawes

Mededelings

Doof van die Kerse

Seën

wynandnel@iafrica.com

082 901 5877